**_Nouveau Kollege & Pikanini Kampus_**
R362, Karoovlak
Vredendal
8160
Pos: Posbus 553, Vredendal, 8160

*26 Jaar van Gehalte: 1998 tot 2024*
Telefoon: 027 470 0117
Skoolhoof: hoof@nkollege.co.za
Administrasie: admin@nkollege.co.za
Sport: sport@nkollege.co.za
Beheerraad: beheerraad@nkollege.co.za

**21 MEI 2024**
**OMSENDSKRYWE: 07/2024**




**<u>In hierdie omsendskrywe</u>:**
- **SUID-KAAP TOER 'N GROOT SUKSES**
- **EKSAMEN REëLINGS**
- **VRAESTELLE**
- **ETES TYDENS NASORG**
- **SPORT: WEDSTRYDDAE**
- **FINALE REëLINGS: WINTERMARK**

**Beste Ouers**

## SUID-KAAP TOER 'N GROOT SUKSES

Die langverwagte Suid-Kaap toer is agter die rug. Ons plaas 'n paar foto's hoogtepunte. Ons was trots op ons leerders se optrede tydens die toer, veral wanneer ons in die publiek rondbeweeg het. Dankie, Graad 6 en 7's, en Juff. Marí en Suné vir die puik hantering van ons leerders tydens die toer.



# EKSAMEN REëLINGS

Ouers se aandag word daarop gevestig dat die skool vanaf Maandag, 20 Mei 2024 om 12:30 sluit. Nasorg verloop wel soos normaal, maar alle verpligte sportaktiwiteite word nou vir die res van die kwartaal gestaak.

Tydens skoolure word die volgende program daagliks gevolg:

| | |
|---|---|
| 07:30 | Skool begin |
| 08:00 | **Eerste Eksamensessie**: Vraestelle word tydens hierdie sessie afgelê. |
| 10:00 | Eerste Pouse |
| 10:30 | **Tweede sessie**: Voorbereiding vir volgende eksamen. Onderwysers sal beskikbaar wees om weer 'n oorsig te hanteer, sodat elke leerder presies weet wat om voor te brei vir die volgende dag se vak. |
| 12:00 | Tweede Pouse |
| 12:15 | **Derde sessie**. Leerders sorg dat hulle alle boeke en studiemateriaal inpak vir die voorbereiding van die volgende vak. |
| 12:30 | Verdaag |

# VRAESTELLE



Die vraestelle word nie huis toe gestuur nie en word as amptelike dokumente beskou. Ouers is egter welkom om die vraestelle, nadat dit gemerk en gemodereer is, by die skool te kom kyk. Dit is altyd beskikbaar wanneer daar ouer kontakte, aan die begin van elke nuwe kwartaal, by die skool plaasvind.

Alle werk wat in die vraestelle getoets word is reeds afgebaken vir alle leerders. Daar word hierdie kwartaal gefokus op die gedane werk van die eerste ses maande van hierdie akademiese jaar.

Die vraestelle is opgestel om voorsiening te maak vir 40% makliker vrae, 40% moeiliker vrae en 20% uitdagende vrae. Dit is dus van kardinale belang dat leerders deeglik voorberei, vroegtydig begin hersien en betyds om hulp vra by die onderwysers.

Die JUNIE-EKSAMEN is 'n amptelike, volwaardige eksamen en beslis moeiliker as 'n toetsreeks.

# ETES TYDENS NASORG

Ons het reeds op die WhatsApp-groepe hieroor gekommunikeer. Die skool poog om weer ligte middagetes in te stel tydens nasorg. Bring asseblief u stemming uit op die WhatsApp-groepe, sodat die skool daarvolgens kan optree.

# SPORT: WEDSTRYDDAE

Ouers en leerders moet asseblief let op die volgende:

**Wanneer die leerders liga-wedstryde volgende kwartaal speel, mag die leerders reeds hul sportklere by die huis aantrek en so na die skool toe kom.** Dit sal verhoed dat spelers se klere verlore raak en die lading van wat hulle moet dra verminder.

| **WEEK 6** | **NASORG SOOS NORMAAL** | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | 20 Mei | **EKSAMEN**: PSW | |
| Woensdag | **22 TOT 25 MEI: WINTERMARK * Leerders gaan normaal skool** | | |

**WEEK 7**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | 28 Mei | EKSAMEN: AFRIKAANS | GRADE 4 – 7 |
| **Woensdag** | **29 Mei** | **VERKIESINGSDAG** | |
| Donderdag | 30 Mei | EKSAMEN: NWT | GRADE 4 – 7 |
| Vrydag | 31 Mei | EKSAMEN: WISKUNDE | GRADE 4 – 7 |

**WEEK 8**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | 3 Junie | EKSAMEN: GESKIEDENIS | GRADE 4 – 7 |
| Dinsdag | 4 Junie | EKSAMEN: ENGELS | GRADE 4 – 7 |
| Woensdag | 5 Junie | EKSAMEN: AARDRYKSKUNDE | GRADE 4 – 7 |
| Donderdag | 6 Junie | EKSAMEN: SKEPPENDE KUNS | GRADE 4 – 7 |
| Vrydag | 7 Junie | EKSAMEN: EBW | GRAAD 7 |

**WEEK 9**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 10 Junie | EKSAMEN: ROBOTIKA |
| Dinsdag | 11 Junie | Alle hand- en skryfboeke word ingeneem. |
| Vrydag | 14 Junie | SKOOL SLUIT om 10:30 |

Vriendelike groete

PJ ESTERHUYSE
SKOOLHOOF



# Nouveau Kollege Wintermark

NG kerksaal

22-25 Mei 2024

Pop-up restaurant

Koop tot jy omval

WOENSDAG 09:00-18:00

DONDERDAG 09:00-18:00

VRYDAG 09:00-20:00

SATERDAG 09:00-13:00

KONTAK

HANNIE 0713432197

RINETTE 0848002056